Addendum 1

Taaklys van die Volksraad soos verkies te word in 2018

1. Die Volksraad se primêre mandaat om leiding te neem tot die verkryging van territoriale selfbeskikking vir ons volk, sal uitgebrei word deur die Volksraad as volksregering te vestig wat optree ook op ander terreine van volksbelang in der mate waartoe dit hom vrywillig opgedra word deur tersaaklike volksgenote en -instansies.
2. Die Volksraad sal adviseurs met toepaslike kundigheid benoem wat hom tydens sittings sal adviseer, sonder om stemreg in die Volksraad uit te oefen.
3. Die Volksraad sal die uitlewing van ons volks-Geloftes bevorder.
4. Die Volksraad sal meewerk tot die oprigting van ‘n Godvresende volkshuishouding.
5. Die Volksraad sal leiding neem in die volk se oorgang tot lydelike verset.
6. Die Volksraad sal voortgaan om alle stappe te neem soos geoorloof deur- en binne die riglyne van die Internasionale Reg, tot die herwinning van territoriale selfbeskikking en onafhanklikheid van ons volk, in opvolging van stappe reeds deur die Volksraad wat in 2011 verkies was, geneem.
7. Die Volksraad sal magsmiddele uitbrei ter bevordering van volksveiligheidsvermoëns.
8. Die Volksraad sal politieke verantwoordelikheid aanvaar vir die aksies van magsgroeperinge wat onder sy opdrag en binne sy riglyne uitgevoer word.
9. Die Volksraad sal elke maatreël en aksie wat nodig geag word, neem om die voortdurende plaasaanvalle en ander moorde op ons volk tot ‘n einde te bring.
10. Onteiening of onbillike vervreemding van VVK-kiesers se eiendom deur die ANC-bewind (of deur iemand anders met die ANC bewind se uitdruklike of stilswyende goedkeuring) sal as ‘n oorlogsverklaring teen ons geag- en dienooreenkomstig hanteer word, onder leiding van die Volksraad.
11. Die volk sal nie sy aanspraak prysgee oor grondgebied wat oor meer as 3 eeue in suider-Afrika met dure opoffering verwerf was nie.
12. Die Volksraad sal hom verbind tot die uitbreiding en ontwikkeling van die huidige volkstaatgroeipunte Orania en Kleinfontein.

13. Die Volksraad sal die moontlikheid en wenslikheid van nuwe soortgelyke volkstaatgroeipunte ondersoek waar volksgenote gekonsentreerd en met die minimum teen-aanspraak d.m.v. volkseie arbeid kan bou aan ‘n selfstandige gemeenskap.
14. Die Volksraad sal grondtransaksies oorweeg op terme en voorwaardes van staatkundige onafhanklikheid.
15. Die Volksraad sal stappe neem tot omvangryker inligtingverspreiding en kommunikasie.
16. Die Volksraad sal die volk oproep tot landwye deelname aan verdienstelike bewusmakingsaksies aangaande die vryheidstryd.
17. Die Volksraad sal ‘n register saamstel van volksgenote wat politieke gevangenes is.